

Georgiet werp lig op klimaatsverandering en landbou

'n Landbou-ekonoom van George wat sy doktorsgraad aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het, dr. Hamman Oosthuizen, het projeksies gemaak oor hoe klimaatsverandering die winsgrense van boerderyaktiwiteite in Hoedspruit, Carolina, Moorreesburg en Vredendal kan beïnvloed.

Dr. Oosthuizen, wat vir OABS Development in George werk, ontvang sy doktorsgraad in landbou-ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch (US) vandag, 11 Desember. Sy studieleiers was dr. Jan Lombard en dr. Daan Louw van die US se departement landbou-ekonomie.

Sy modelleringstudie is een van die eindresultate van 'n breër inisiatief wat die modelle van die *Climate Systems Analysis*-groep aan die Universiteit van Kaapstad en die Sentrum vir Waterhulpbronnnavorsing aan die Universiteit van KwaZulu-Natal omvat. Die projekte word deur die Waternavorsingskommissie en die departement landbou, bosbou en visserye gefinansier. Dit ondersoek die uitwerking wat klimaatverandering op landbou het, en evalueer die kwesbaarheid van oeste, weivelde, boerderyverwante huishoudings en -besighede. Voorstelle word ook aan boere van geselekteerde gebiede gemaak oor hoe om hul



Dr. Hamman Oosthuizen van George kry vandag sy doktorsgraad vir sy klimaatnavorsing wat insluit die effek van klimaatsverandering op die wins van boere.

plase beter te bestuur met klimaatverandering in gedagte.

Die *George Herald* publiseer volgende week 'n meer volledige artikel oor dr. Oosthuizen se navorsingswerk.